Skriflesing: Romeine 10
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 2 en 3**
Teks: 2 Korinthiërs 5:20
Sing- Ps. 147:1,6; Ps. 4:1,2; Ps. 40:4,5

In paragraaf 2 het ons reeds die vorige keer kon hoor dat God sy liefde daarin geopenbaar het om aan ons sy Seun te stuur. Broeder en suster, niemand het God kon verplig om dit te doen nie. Almal het gesondig, God sou in alles oor almal regverdig gewees het as Hy ons almal in ons ellende gelos het. God skuld ons niks nie! MAAR God het anders besluit. Daar waar God sy Seun na ons gestuur het (paragraaf 2), daar gaan God nog verder en Hy stuur **uit genade verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap.** Alles is en bly nog in die Here se hande.

Hier word in God se liefde die evangelie van God 'n vreugdevolle boodskap genoem, en in hierdie boodskap gaan dit om niks minder en niks kleiner as om die ewige redding van die mens. Soos God engele gestuur het na die herders in die veld, om aan die herders die boodskap te bring en God het sy apostels opdrag gegee om die evangelie aan alle volke te bring, net so is dit nou nog God wat stuur. Ons moet baie mooi hierop let. Daar is iets van 'n skakelwerk, 'n kettingwerk wat niemand uit God se hand kan ruk nie.

Die prediking mag dalk lyk of dit eerste staan, daarna om te hoor, om te glo, om aan te roep, en om die saligheid te verkry. Maar ons moet mooi daarop let, om gestuur te wees is waar dit alles begin. Dit staan nog vóór die prediking. God se roeping is altyd eerste. 2 Kor. 5:20 sê Paulus- *Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan…*

***

Elkeen wat die suiwere verkondiging van die Woord hoor moet dit baie goed weet, dat in die suiwere prediking het ek nie met 'n mens te doen nie, maar het ek met GOD SELF te doen. Die hele ketting bly in God se hand, Hy laat nie 'n enkele skakel los nie. As God sy verkondiger stuur dan moet hy wat die verkondiger is in alles aan sy Sender getrou bly. Dit is wat die Here in Luk 10:16 ook gesê het- *Wie na julle luister, luister na My, en wie julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.*

Om gestuur te wees is waar dit alles begin, daarom dat ons in die NGB Art. 31 die duidelike opdrag ontvang dat daar gewag moet word totdat so ’n verkondiger deur God geroep word. ’n Mens moet baie seker wees dat dit wel God is wat jou gestuur het. Elkeen moet terdeë daarteen waak om hom nie met onbehoorlike middele in te dring nie. Net as God geroep het en God stuur dan kan die verkondiger van sy roeping oortuig wees en hy kan sekerheid hê dat hierdie roeping van God afkom.

Heeltemal in aansluiting met wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis staan wil die Dordtse Leerreëls dit net nog duideliker maak dat God stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil. En hy wat gestuur is het net één opdrag. Om mense tot geloof en bekering te roep. Geloof en bekering gaan altyd saam. Regte prediking roep altyd tot bekering van jou sonde en tot geloof in Jesus Christus. Dit is hoe die Here werk en Hy doen dit nie anders nie.

God wat dan Self deur die krag van sy Woord en Gees mense tot geloof bring. Die diens van die predikers moet alleen net diensbaar wees aan hoe God werk. Op hierdie wyse het God nog deur al die eeue mense tot die ewige lewe vergader. Daarom moet ons altyd met die woorde van Jes.52 hierna kyk en ook met hierdie gesindheid- *Hoe lieflik is op die berge die <u>voete</u>* (let wel VOETE) *van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep: wat aan Sion sê: Jou God is Koning*. Dit gaan nie soseer in die eerste plek om die mond van die boodskapper nie, dit gaan om sy voete.

Die voete moet gaan na daar waar die boodskapper gestuur word. Die voete wat in alles draer en uitdraer moet wees van God se heerlikheid. As God sy ark deur priesters laat dra het en sy ark nie op ’n wa met osse getrek vorentoe mag gaan nie, dan het Ussa wat wou keer dat die ark val net daar gesterf, want die probleem was al by hulle voete. Hulle voete en nie die pote van osse moet God se heerlikheid uitdra, hoe kan diere dit doen dit wat God van ons verwag?! Al het die mens gedink dit is makliker en mooier om hierdie ark so op ’n wa te vervoer, die probleem was dat God wil die mens se voete onder die ark gehad het, nie maar mense wat maak asof hulle kan keer dat die ark nie val nie, maar met

hulle voete het hulle nie onder God se heerlikheid gebuig nie. In die verkondiging moet daar altyd onder die heerlikheid van God en hoe God sy heerlikheid uitdra gebuig kan word.

***

En om onder die heerlikheid van die alwyse en almagtige God te buig is waar Romeine 10 dit baie duidelik maak. Daar is niemand wat tot die geloof kan kom sonder dat die Woord nie aan hom/haar gebring word nie. Dit is alleen deur die verkondiging van die Woord wat die Heilige Gees dan die geloof werk… *hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?* En dan kom Rom..10 ook by die voete wat die evangelie van die goeie God moet uitdra en die mond wat die evangelie van vrede moet verkondig.

Daar is baie beslis in die natuur of in die algemene openbaring van God, wat ook die geskiedenis van alle volke insluit, baie duidelik alreeds 'n boodskap opgesluit. Die getuies van God se heerlikheid en mag, sy wonderbare krag, is alles deel van die wysheid van God wat daar in sy skepping hier buite om ons lê en in die geskiedenis van volke en nasies kan ons God se hand nie miskyk nie. . Hoe groot die heelal is en die omvang daarvan waarvan ons in alle geval geen behoorlike idee kan vorm nie, wys in alle geval reeds God se ewige krag en heerlikheid. Daar is geen mens op hierdie aarde wat dit kan miskyk nie. Elke mens behoort te weet dat God bestaan. Geen mens wat sal kan sê dat hy/sy nooit geweet het nie. As jy net jou oë oopmaak, dan moet jy weet dat daar 'n God moet wees.

MAAR dié God wat Skepper is van dit alles wat ons nou reeds vanuit sy skepping kan aanskou het Hom nie as Verlosser in sy skepping geopenbaar nie. Al manier wat daar in die hele skepping bestaan om God nog nader te leer ken is alleen deur sy Woord. Om God werklik te leer ken en om werklik te weet maar Hy wat Skepper is, is ook my Vader, in Christus is Hy my Verlosser, sonder die Woord van God is daar geen manier waarop ons dit sou weet nie. En om tot geloof te kom, nog minder sou ek kon glo as aan my die Woord van God nie verkondig is nie. ***

Maar nou moet ons met die belydenis uit die Dordtse Leerreëls weer baie goed daarop let dat die vreugdevolle boodskap van God sal nooit goedkoop gemaak mag word nie. God stuur **na wie Hy wil en wanneer Hy wil…** Dit is en bly van begin tot einde God se werk. Daar is soveel voorbeelde vanuit die Here se Woord waar ons sien God deure vir die evangelie wil oopmaak, maar God maak ook deure toe. Handelinge 14:16- staan dit dat *God in die tye wat verby is, toegelaat het dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel… al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen…* dan lees ons ook in 1 Kor. 16:8-9 waar Paulus skrywe dat God 'n groot en kragtige deur vir hom laat oopgaan het, en ook in 2 Kor. 2:12- dan gebeur weer dat Paulus sê – dat daar 'n deur vir hom in die Here geopen is. So ook Kol.4:3- daar vra Paulus dat daar gebid moet word dat die Here die deur van die Woord moet oopmaak, om ook te mag spreek van die verborgenheid van Christus. Almal deure wat alleen God kan oopmaak, maar in Handelinge 16:6-7 dan wil Paulus eintlik die woord in Asië gaan verkondig, waar hulle spesifiek probeer het om na Bithinië te gaan, *maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie.*

Nou staan ons weer by wat mense gesê het, spesifiek die Remonstrante, maar ook baie mense in ons tyd is so Arminiaans as kan kom, want wil hulle ons leer dat God sal nie met opset sy Woord van mense weerhou nie. Ons moet eenvoudig aanvaar dat God aan alle mense op alle plekke en ten alle tye eintlik 'n gelyke kans wil gee. Die Remonstrante wil op geen stadium ontken dat daar só iets soos die uitverkiesing bestaan nie. Maar sê hulle die uitverkiesing het eers 'n meer algemene bedoeling voor ons van die besondere of die finale uitverkiesing kan praat. Die besondere uitverkiesing kan alleen finaal wees wanneer mense bereid is om in die geloof te volhard. Maar vóór dit sal die Arminiaan jou vertel dat die besondere uitverkiesing eintlik in wese veranderlik is. Daar is nog die onvolkome deel waar God sekere besluite van Hom kan herroep, want as jy sou ophou glo dan maak dit dat jy as uitverkorene jou verkiesing vóór God in die gedrang kan bring.

Vir die remonstrant is daar geen besluit tot verwerping nie. As God die mense wat nog sal glo saam plaas, dan is hulle die uitverkorenes maar die finale uitverkiesing berus daarby of die mense wel in hulle geloof sal volhard. Die nie-vaste uitverkiesing berus op

tevore gesiene, beginnende geloof, maar God kan besluit om dit te verander, want om werklik tot op die einde 'n uitverkorene te wees hang af van hoe jou geloof lyk en hoe jy lewe en of jy werklik aan God gehoorsaam is. GELOOF IS HIER GEEN VRUG VAN DIE UITVERKIESING NIE, MAAR IS 'N VOORWAARDE OM UITVERKIES TE WORD. God is baie duidelik wat die uitverkiesing betref aan die mens se wil en keuse en kwaliteite onderworpe, of anders gestel God is van jou afhanklik voor Hy finaal oor jou uitverkiesing besluit.

Hiermee het die Arminiane ook volhard deur die kwaliteit van die mens of selfs die kwaliteit van 'n volk heeltyd te wil voorhou. Só was hulle selfs van mening dat sekere volke meer ontvanklik is vir die evangelie want hulle is volke wat beter eienskappe besit as ander volke. As ons die besluite van die Sinode van Dordrecht lees waar dit duidelik onderskei word watter dele van die Arminiane se uitgangspunte pertinent verwerp word (die verwerping van die dwaling paragraaf 9) , dan lees ons die sinode het dit verwerp dat sekere volke beter en waardiger is as ander volke aan wie die evangelie nie meegedeel word nie.

Ons besef uit hierdie deel van ons belydenis dit gaan op geen stadium en op geen wyse ooit oor jou kwaliteite as mens nie. Die mens wat waarlik besef die inval van die sondeval en die ingrype van die sondeval, dan het daar by geen mens in alle geval geen kwaliteit oorgebly nie. Daar is geen sprake van dat daar lig van die natuur in ons oorgebly het en dat jy net moet leer om hierdie lig reg te gebruik nie. As jy dit kan regkry dan maak jy eintlik vir jou deure oop.

Broeder en suster, kom ons sê dit weer soos die eerste sin van hierdie belydenis van ons, niemand kan vir hom/haarself deure oopmaak nie- **Alle mense het in Adam gesondig en verdien die vervloeking en die ewige dood. Daarom sou God niemand enige onreg aangedoen het nie as dit sy wil sou gewees het om die hele menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en weens die sonde te verdoem…** m.a.w. God sou nog steeds reg wees as hy alle mense tot in ewigheid veroordeel het. Kort en klaar geen mens verdien om gered te word nie.

Israel was nie beter as ander volke wat God sou noop om nou aan Israel meer aandag te gee nie. Hoegenaamd nie! Dit is alleen in die welbehae van God so besluit en so beskik, dat God tussen al die baie volke wat daar was die pad met hierdie een volk wou stap. Dit alles, sonder dat hulle dit hoegenaamd kon verdien of op enige wyse op die genade van God kon aanspraak maak. Uit hulle vermetelheid het hulle dit beweer en dit probeer, want die sondige mens is altyd tot die uiterste vermetelheid in staat. 'n Hele reeks preke uit Esegiël het aan ons kon toon, dat dit wat die mens selfs meen hy goed doen, dit is baie keer voor God 'n gruwel dit wat die mens goed wil noem.

Deut.6:7-8: stel die Here die deel uit ons belydenis heel duidelik- *Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.* In Amos 9:7 dan trek hierdie boere profeet die laaste strepe deur mense wat dink hulle en hulle volk is waardiger as die ander volke daarom kan hulle die uitverkore volk wees- *Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie, o kinders van Israel? spreek die HERE…*

Om hierdie onwaardigheid van alle volke aan te dui, spesifiek dan ook die volk Israel wat hulle nie kan beroem op hulle eie kwaliteit dat hulle beter is as ander volke tot ontvangs van die evangelie nie, dan sê die HERE dat die heidene eintlik beter ontvangers van die evangelie sal wees as die Jode- Matt:11-21- *Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle.* Die evangelie van die koninkryk is wel eerste aan die volk Israel verkondig, hulle wie se harte harder was en wie eintlik stadiger was om te glo, stadiger as hulle wat heidene was. Geen mens het meer waarde as 'n ander mens om op grond van sulke waarde jou daarop te beroem dat my kom die evangelie toe ,eerder as wat dit die ander een toekom nie.

Laat ons hierdie genade onverfynd en onvervals uitdra, dat God stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Ons kan slegs roem in God en sy genade. U wat weet dat elke keer as God stuur en God roep, dan roep Hy ons tot geloof en bekering. Spesifiek tot geloof in Christus en Hom as die Gekruisigde. U wat naby die Woord kan kom, naby is die koninkryk ook. Ontvang die Koning om Wie dit gaan! Bekering en geloof soos die Dordtse Leerreëls dit hier langs mekaar stel, dit hoort bymekaar. God wat Self mense tot die geloof bring en dit deur sy Woord en Gees. Watter besondere genade, watter besondere middele, wat God bymekaarbring om ons by Hom uit te bring. Lees Rom.10 weer baie mooi. Weet dat die tyd gaan kom dat ware verkondigers van die Woord skaars gaan word. Mense wat hulleself nog verkondigers noem maar as hulle dit nie doen ooreenkomstig dit wat ons vandag hier bely het nie, dan behoort ons bang te wees om na sulke mense te luister.

Waarlik ons kan maar net hier weggaan met die Woord van die Here soos dit aan die einde van 1 Petrus 1 ook staan- (vv.22-25)- *As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.*
Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.

AMEN

Paragraaf 3



Paragraaf 4